Dieper Wandel 7. 19/2/23.

Die geheimenisse van God geopenbaar. – Elizabeth Jordaan.

Daar is 'n paar dinge wat die Bybel DIE GEHEIMENIS of VERBORGENHEID VAN GOD noem. ’n Verborgenheid is iets wat net God ken en wat Hy sedert voor die skepping geheim gehou het; dinge wat nie deur menslike redenasies uitgevind of ontdek kan word nie, maar wat eers geken kan word wanneer God dit openbaar of onthul. Ek probeer nie voorgee dat ek die geheimenisse van God ken nie, maar verdra maar my gebrekkige taal terwyl ek probeer om die bietjie wat ek wel verstaan uit te druk in onvolmaakte woorde en met baie beperkte teologiese kennis.

Een van God se maniere om iets van Homself te onthul of te openbaar was in die skepping, en spesifiek in die skepping van Adam (die mensdom). Ander maniere om Homself te openbaar was deur spesiale openbaring aan 'n persoon, soos Abraham, of Moses, of Dawid, of die Profete. Sedert tweeduisend jaar gelede het Hy gekies om Homself deur sy Seun, Jesus Christus, te openbaar. Die openbaring of onthulling van Jesus Christus het nog nie sy volheid bereik nie. Ons leef in die era van die onthulling van Jesus Christus, en as ons lank genoeg lewe, kan ons die voltooiing van daardie openbaring sien wat Johannes in die Boek Openbaring beskryf het.

God kan Homself openbaar deur met 'n persoon persoonlik te praat of in drome en visioene aan mense te verskyn (soos Hy met Adam, met Kain, met Henog en Noag, of met Job, Abraham, Moses, Josua, die priesters en ander profete gepraat het, in beide die Ou en Nuwe Testament). Hy kan praat deur engele wat aan mense of in drome verskyn (soos Hy aan Abraham, Moses, sommige van die Rigters, aan Sagaria, aan Maria, die moeder van Jesus, en aan Josef, verskyn het). Hy praat nou meestal met ons deur sy Seun (Heb.1:2). Ons moet kennis neem van alles wat God deur Jesus gesê het, want op hierdie manier kon Hy die beste met ons as mense praat, deurdat Jesus self 'n mens geword het, en so te weet hoe om op menslike vlak te praat. God kan ook met ons praat deur Sy geskrewe Woord, die Skrif wat die Bybel genoem word. Die Bybel is nie sommer enige boek nie. Die Bybel bevat die woorde van God self en van sy Seun, wat aan spesifieke mense gegee is om neer te skryf sodat ons Hom kan ken. Die hele Bybel, Ou en Nuwe Testament, word aan ons gegee sodat ons God kan ken, verstaan hoe om Hom te ken, en leer hoe Hy met mense wandel (2Tim.3:16).

Om ons te help om te verstaan wat God sê, het Hy vir ons sy Heilige Gees gegee. Die Heilige Gees is die groot Uitlegger van God se Woorde. In die Ou Testament moes God primêr op profete staatmaak om Sy Woorde oor te dra. In die Nuwe Testament het Sy Seun breedvoerig gepraat en die natuur van God geleer en geopenbaar. Die Heilige Gees is om een spesifieke rede uitgestort – Hy is ons Helper (Joh.14:16,26; 15:26; 16:17) wat ons moet help om te verstaan wat God sê. Hy is die Onthuller van God se verborgenhede. Die volgende gedeelte bevat die baie geheimsinnige manier waarop die Heilige Gees God se woorde openbaar:

“Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid. Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie. Maar soos daar geskrywe staan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie," en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet. Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God. (Lees asb die hele skrif gedeelte: 1 Kor.2:7-16.).

Voordat Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy een belangrike ding aan die dissipels gedoen, Hy het hulle verstand oopgemaak om die Skrifte te verstaan. Ons het dit ook nodig - dit word die vernuwing van ons denke genoem (Rom.12:2; Efe.4:23; Kol.3:10).

Die Bybel is natuurlik in verskillende mense tale geskryf. Dit is geskryf in die taal wat die persoon met wie God gepraat het, op daardie oomblik gepraat het. Niemand ken die oorspronklike taal wat deur mense voor die toring van Babel gepraat is (Gen.11:1). God het gesê dat Hy aan alle volke 'n rein taal (lippe) sal teruggee (Sef.3:9).

Die Bybel is in drie tale geskryf en al drie hierdie tale het ontstaan as gevolg van God se oordeel oor die bou van die toring van Babel. Die Bybel tale is Hebreeus (die taal wat deur Abraham, Moses en die hele Israel gepraat is voor die ballingskap na Babilonië), Aramees (die taal wat gepraat is deur Daniël en Esra, die Joodse ballinge wat uit Babilon teruggekeer het, die Jode wat tydens die Romeinse tyd in Israel gewoon het, en Jesus self), en Koine Grieks (die taal wat oorspronklik deur Alexander die Grote gepraat is, wat ontwikkel het om die taal te wees wat deur die Grieke, die Romeinse Ryk en die vroeë Bisantynse Ryk gepraat is). God het hierdie tale gebruik om Homself te openbaar, maar nêrens het Hy gesê dat ons een van hierdie tale moet praat om Hom te kan verstaan nie. Nie een van hierdie tale, Hebreeus, Aramees of Grieks, is op sigself 'n heilige taal nie. God kan in enige taal praat om Homself te openbaar. Hy wil met ons praat in ons eie taal. Hy het dit baie duidelik op Pinksterdag gedemonstreer.

Op Pinksterdag, by die geboorte van die Kerk, is die Heilige Gees uitgestort, en saam met Hom het tonge (tale) soos van vuur gekom. Die tale wat hulle op daardie dag ontvang het, was werklike tale, en die dissipels moes daardie gawe, die oombliklike wonderwerkende vermoë om in ander menslike tale te praat, gebruik om die werke van God te openbaar, in 'n taal wat mense op daardie stadium kon verstaan (Hand.2:8-11).

Hebreeus, Aramees en Grieks is tale wat ryk betekenisse het, maar so is ook ons eie tale. My taal, Afrikaans, is beslis 'n ryk, beskrywende taal, veral as die Afrikaanse woorde en uitdrukkings bestudeer word om die bron van waar die woorde vandaan kom, te openbaar. So is Engels, Duits, Frans, Spaans, Russies, Nigeries, Arabies, en enige ander taal. Net soos die Heilige Gees aan die dissipels die vermoë gegee het om oor die wonderlike werke van God in die tale van Handelinge 2 te praat, moet Hy ons Bybel vertalers die vermoë gee om die wonderlike werke van God in 'n verstaanbare taal te vertaal, sodat enige persoon rondom die wêreld in hulle eie taal kan hoor wie God is.

Ons Bybels is vertalings uit hierdie oorspronklike tale van die Bybel, en alhoewel dit beslis voordelig is om Woord studies in Hebreeus, Aramees of Grieks te doen om die dieper betekenis van die woord te verstaan, het ons nie soseer kennis van die oorspronklike taal nodig nie, ons het 'n openbaring nodig oor die Persoon van God, en wat Hy bedoel wanneer Hy met ons praat. En daarvoor benodig ons die Heilige Gees.

Die spreek in tale of bid in tale was anders as hierdie verstaanbare tale wat die dissipels ontvang het, en Paulus skryf om te sê dat spreek in 'n taal, die taal van engele, 'n mens kan opbou, want jy praat met God, en jy praat geheimenisse, maar niemand kan daardie geheimenis verstaan tensy dit geopenbaar word deur iemand wat die gawe het om daardie taal uit te lê nie - “Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge.” (1 Kor.14:2)

Paulus het baie geskryf oor spreek in tale, maar die een aspek wat hy voortdurend uitgelig het, is dat selfs spreek in tale nie die diep geheimenisse van God aan ons kan openbaar nie, dit moet deur die Heilige Gees uitgelê word. Nie almal het die gawe ontvang om in tale te spreek nie, en nie almal het die gawe ontvang om tale uit te lê nie. Maar almal van ons wat wedergebore is, is vervul met die Gees van God, en Hy kan en sal aan ons almal die Persoon van God en die Persoon van Jesus Christus openbaar. Met hierdie doel is Hy na ons gestuur.

Die Heilige Gees is nie net gestuur om aan ons die Persoon van God en die Persoon van Christus te openbaar nie, maar Hy is ook gestuur om 'n verborge werk in ons te doen, Hy moet die beeld van die Seun van God, die Woord van God, in ons mense harte vorm. Hy moet ons herskep, die beeld en gelykenis van God wat Adam in die tuin van Eden verloor het, aan ons teruggee. Nie om ons weer soos die Adam van die Tuin te maak nie, maar om ons die gestalte van die Seun van God, die laaste Adam, die Eersgeborene uit die dood, te gee - 'n nuwe skepping, die Boom van die Lewe in ons, die Brood van die Hemel self. Hierdie skepping in ons van 'n nuwe innerlike mens, is wat bedoel word met "om God te ken", om een met Hom te word. Dit was altyd Sy doel:

- "Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is." (Rom.8:29)

Dit is waaroor 'n Dieper Wandel met God gaan. Dit is om die verborgenhede van God te ontdek en die verborgenheid in ons van die beeld en gelykenis van God self te ontvang, in die gestalte van sy Seun, Jesus Christus.

GEBED: Vader God, ek wil U ken, ek wil u Seun, Jesus Christus, ken, ek het u Heilige Gees nodig as my Helper, my Uitlegger, die Een wat die Seun onthul, wat die verborgenhede van God openbaar en wat die Seun van God in my vorm. Vul my met u Gees. Help my om te luister, om te sien, om te verstaan, om te ken. Ek gee my liggaam aan U as 'n geestelike offer. Vernuwe my gedagtes met u Gees en u Woord. Laat die lede van my liggaam, my siel, verstand, emosies en my wil, instrumente van geregtigheid wees. Ek wag op U. Ek het U lief.